Datahantering:

Insekte in die tuin

Helena het 'n opname gemaak van al die insekte in hul tuin. Help vir Helena om die data op die staafgrafiek aan te bring. Gebruik die inligting in die frekwensietabel om jou te help.

Frekwensietabel:

Insek:	Frekwensie:	Getal:
Spinnekop	𝍸 |||	8
Skoenlapper	||||	4
By	𝍸 |	6
Mier	𝍸 𝍸	10

- Benoem jou grafiek.
- Gee jou horisontale as en vertikale as 'n naam.
- Nommer jou vertikale as se lyne.
- Vul in die name van jou insekte en kleur die hoeveelheid in.

_____

0

_____ _____ _____ _____

_____

Kyk na jou staafgrafiek en beantwoord die volgende vrae.

1. Hoeveel spinnekoppe het Helena gesien?

   _____

2. Hoeveel meer spinnekoppe as skoenlappers was daar?

   _____

3. Van watter soort insek is daar die meeste in die tuin?

   _____

4. Hoeveel insekte is daar altesaam in die tuin?

   _____

5. Wat is die verskil tussen die aantal miere en bye in die tuin?

   _____

Datahantering: Memorandum



Kyk na jou staafgrafiek en beantwoord die volgende vrae.

1. Hoeveel spinnekoppe het Helena gesien?

   Helena het 8 spinnekoppe gesien.

2. Hoeveel meer spinnekoppe as skoenlappers was daar?

   Daar was 4 meer spinnekoppe as skoenlappers (8 – 4 = 4)

3. Van watter soort insek is daar die meeste in die tuin?

   Die mier is die insek wat die meeste voorkom.

4. Hoeveel insekte is daar altesaam in die tuin?

   8 + 4 + 6 + 10 = 28 insekte

5. Wat is die verskil tussen die aantal miere en bye in die tuin?

   10 – 6 = 4 is die verskil.

Wei gedaan graad 3's.

Julle is so slim!